

Skriflesing: Genesis 26:12-35; Daniël 6:1-11Teks: **Genesis 26:18; Daniël 6:11**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 103: 3****TYDENS EREDIENS: Ps. 18:1,8; Ps. 119:47; Ps. 42:1,4; Ps. 142:1,4****Genesis 26:12-35**

Gen 26:12 Isak het in daardie gebied gesaai, en daardie jaar het die saad honderdvoudig geskiet. Die Here het hom voorspoedig gemaak,

Gen 26:13 en hy het 'n ryk man geword, hy het vooruitgegaan sodat hy later baie ryk was.

Gen 26:14 Hy het troppe kleinvee en grootvee gehad en baie slawe. Toe het die Filistyne uit afguns

Gen 26:15 al die putte wat die slawe van sy pa Abraham nog in dié se tyd gegrawe het, toegegooi en opgevol.

Gen 26:16 Toe sê Abimelek vir Isak: "Trek weg van ons af. Jy het vir ons te sterk geword."

Gen 26:17 Hy is toe daar weg en hy het by Gerarspruit kamp opgeslaan en daar gebly.

Gen 26:18 Isak het toe die putte oopgegrawe wat in sy pa Abraham se tyd gegrawe is en wat na Abraham se dood deur die Filistyne toegegooi is. Isak het die name wat sy pa aan die putte gegee het, weer aan hulle gegee.

Gen 26:19 Isak se slawe het 'n put gegrawe in die spruit en sterk water gekry.

Gen 26:20 Toe stry die skaapwagters van Gerar met dié van Isak en sê: "Dié water behoort aan ons." Isak het toe die put "Rusie" genoem, omdat hulle daar met hom rusie gemaak het.

Gen 26:21 Sy slawe het 'n ander put gegrawe, en ook daaroor het die Filistyne klagtes gehad, en toe noem Isak dit "Klagte".

Gen 26:22 Van daar af het hy versit en 'n ander put gegrawe, en hulle het nie daaroor gestry nie. Toe noem hy die put "Ruimte", "want," het hy gesê, "nou het die Here vir ons ruimte gemaak en in dié land sal ons voorspoedig wees."

Gen 26:23 Van daar af het Isak na Berseba toe getrek,

Gen 26:24 en die nag toe hy daar kom, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: "Ek is die God van jou vader Abraham. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou sien en jou 'n groot nageslag gee ter wille van my dienaar Abraham."

Gen 26:25 Isak het daar 'n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep. Isak het sy tente daar opgeslaan, en sy slawe het 'n put gegrawe.

Gen 26:26 Toe kom Abimelek uit Gerar saam met Agussat sy vertroueling en Pikol die bevelvoerder van sy leër na Isak toe,

Gen 26:27 en Isak sê vir hulle: "Waarom kom julle na my toe? En dit nogal nadat julle my onvriendelik behandel het en my van julle af weggestuur het!"

Gen 26:28 Hulle het geantwoord: "Ons het baie duidelik gesien die Here is by jou. Ons wil onder eed 'n ooreenkoms met jou aangaan. Ons wil 'n verdrag met jou sluit

Gen 26:29 dat jy ons nie sleg sal behandel nie, net soos ons jou nie benadeel het nie. Ons het net goed aan jou gedoen en jou sonder enige skade van ons af laat weggaan. Dit is so: jy word deur die Here geseën."

Gen 26:30 Isak het toe vir hulle 'n maaltyd klaargemaak en hulle het geëet.

Gen 26:31 Die volgende môre het hulle vroeg klaargemaak en hulle en Isak het aan mekaar 'n belofte onder eed gemaak. Toe het Isak hulle laat gaan en is hulle in vrede van hom af weg.

Gen 26:32 Daardie dag het Isak se slawe gekom en hom vertel van die put wat hulle gegrawe het. Hulle het vir hom gesê: "Ons het water gekry."

Gen 26:33 Toe noem hy dit Seba en daarom is die naam van die stad nou nog Berseba.

Gen 26:34 Toe Esau veertig was, het hy getrou met Jehudit dogter van Beëri, 'n Hetiet, en met Basemat dogter van Elon, 'n Hetiet.

Gen 26:35 Hulle het baie kommer in Isak en Rebekka se lewe gebring.

Daniël 6:1-11

Dan 6:1 Darius die Mediër het die koningskap oorgeneem toe hy twee en sestig jaar oud was.

Dan 6:2 Hy het besluit om honderd en twintig goewerneys-generaal aan te stel om oor sy hele koninkryk te regeer.

Dan 6:3 Oor hulle was daar drie ministers, van wie Daniël een was en aan wie die goewerneys-generaal verantwoordelik was sodat die koning se belange behoorlik behartig kon word.

Dan 6:4 Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitblink bo die ander ministers en die goewerneys-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

Dan 6:5 Die ministers en die goewerneys-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie.

Dan 6:6 Hulle sê toe vir mekaar: "Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens."

Dan 6:7 Die ministers en die goewerneys-generaal storm toe by die koning in en sê vir hom: "Mag die koning baie lank lewe!"

Dan 6:8 Al u ministers en al die goewerneys, goewerneys-generaal, raadgewers en administrateurs het met mekaar ooreengekom dat daar 'n koninklike dekreet uitgevaardig moet word. Die dekreet moet baie streng bepaal dat enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid behalwe vir u, U Majesteit, in 'n leeu-kuil gegooi moet word.

Dan 6:9 Stel dan nou so 'n dekreet op en vaardig dit skriftelik uit sodat dit nie verander kan word nie; dit moet onherroeplik wees, 'n wet van Mediërs en Perse."

Dan 6:10 Koning Darius het toe so 'n dekreet uitgevaardig.

Dan 6:11 Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.

Skriflesing: Genesis 26:12-35; Daniël 6:1-11

Teks: **Genesis 26:18; Daniël 6:11**

Sing- **VOORAF SANG: Ps. 103:3**

TYDENS EREDIENS: Ps. 18:1,8; Ps. 119:47; Ps. 42:1,4; Ps. 142:1,4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- wanneer ons Genesis 26 lees dan het ons te doen met

Isak wat ou putte weer laat oopgrawe het. En dan baie later, wel nog as deel van die Ou Testament het ons te doen met Daniël wat ons deur 'n oop venster kan sien. Vensters in sy bo-kamer wat oop was in die rigting van Jerusalem. Ek wil graag tussen die putte wat oopgemaak moes word en die vensters wat oop is, vandag ook God se Woord tussen put en venster laat spreek. Wat dit werklik beteken as ons die putte wat toegeraak het, weer moet kan oopmaak. Dit spreek tot wat in die verlede lê maar wat vir die hede nie toegehou mag word nie. Daarna die vensters wat Daniël juis in die rigting van Jerusalem laat oopbly het. Wat sien ons deur daardie oop vensters in wat in die toekoms na gekyk moet word. In die laaste plek hoe gaan ons die verband tussen oop put en oop venster vir wat in my lewe vir my mag voorlê kan oopmaak.

Eerste dan- Isak wat die ou putte weer oopgrawe:

Ons lees oor Isak baie minder in die Bybel as wat ons oor sy pa Abraham lees. En na Isak is oor Jakob sy seun, wéér baie meer oor geskrywe as sy pa Isak. Isak is 'n tussen figuur, hy staan tussen van hulle wat as groot figure in God se Woord geken word- Abraham...Jakob.

Tog al weet ons nie baie van Isak nie, is hy wat ons kan noem meer as net 'n tussen-figuur, hy kan ook genoem word, die belangrike brug-bouer, 'n belangrike skakel in die voltooiing van die roeping van die aartsvaders as daar oor Abraham, Isak en Jakob gesamentlik gepraat moet word. In hoe ons die verbond van die Here sien is Isak die voortsetting wat van Abraham voortgesit moes word, maar ook die voortbringer van Jakob wie se twaalf seuns die volle ryk van Israel sou begin. Sulke brugbouers, sulke skakels is in God se Woord nie minder belangrik as die ander oor wie daar baie gepraat, baie oor geskrywe is nie. Die pad

om van Abraham by Jakob uit te kom, het eenvoudig Isak, die wonderkind, die beloftekind baie nodig gehad.

Daar hoef nie oor iemand baie gepraat te word, om tog wel raak te sien, waarvoor God vir hom/haar ook bestem het, watter besondere rol die mens in God se koninkryk moet volmaak nie. So 'n rol is om by wyse van die voorbeeld van Isak vir jou en my by die putte van die lewe uit te bring. 'n Put is nie maar net 'n groot gat in die grond nie, daarrondom en daarbinne moet water wees, die werklike lewedraers en lewegewers as dit om die aardse lewe gaan is waar daar water is en water moet wees.

So 'n put moet daar wees om die lewe te deel. In die droë streke is gewoonlik die mooiste daar waar water beskikbaar is. So 'n waterbron trek dadelik aandag, ja 'n put wat gewoonlik oor geslagte gestrek het. Dit bind lewe tot in die vërste geslagte aanmekaar want het mense hulle boerderye en later selfs hulle stede gebou, waar daar water beskikbaar is.

As ons die plek van Isak in besonder dan vandag wil uitlig om iets van God se plan, God se openbaring ook vir ons lewe raak te sien, dan besef ons party mense is in die geskiedenis groot name omdat hulle nuwe dinge aan die wêreld gegee het. Ander mense waar ons Isak vandag kan plaas is iemand wat ons moet raaksien omdat sulke mense weer die wêreld herinner aan die dinge wat vergete geraak het. Die een is nie belangriker as die ander nie. Daar moet ons ook ons plek sien, dat ons wel erns kan maak ook om die putte wat vergete geraak het weer oop te maak. Dit moet ons besef ons het al soveel ontvang wat mense baie keer nie eers meer raaksien nie. So iets belangrik soos 'n put wat weer oopgemaak moet word. Dit wat in die verlede lank terug groot betekenis kon hê, maar wat intussen vanweë verskeie redes nie meer bekend is nie. Soos in die geval het ons die hartseer gelees, die Filistyne die vyande van Israel het hierdie putte besoedel en toegegooi.

Daar ontstaan 'n noodsaak om dit weer oop te maak, dit moet ons in ons eie lewe raaksien. Daardie putgrawers werk op moeilike terrein maar tog noodsaaklike terrein. Die belang van waar die putte geleë was en hoe belangrik hulle water nog weer kan wees, dit moet net weer opgediep word. Niemand mag sulke nederige en harde werk ooit geringskat nie. Toe Abraham aanvanklik die putte gegrawe het, is dit beslis nie net met die oog op sy tyd en sy omstandighede gedoen nie. Sulke werk word gedoen met die oog op die geslagte wat ook na hom sou wees. Daar sit vertrou en volharding in wie besig is om so 'n gat op soek na water

die grond in te sak. En as daar water uitkom, onverbeterlike water wie kan ooit die waarde daarvan oorskat?!

Dis asof 'n mens jou eie roeping maar ook ons kerklike lewe eenvoudig nie hiervan kan losmaak nie. Ons as kerklike gemeenskap, maar ook 'n huislike gemeenskap, ja dié huisgesin per se,

Wanneer 'n gemeenskap en 'n land tot in sy diepste wese siek en al meer verrot begin raak, is hulle wat aan die kant van die Filistyne eintlik eenvoudig daarop uit is, om sulke putte te besoedel, om dit te vernietig, dit te wil toegooi.

Hoe beleef ons dit nie in ons land nie. Dit wat goed was en regtig goed gewerk het word afgebreek. Die oorgrote meerderheid van infrastruktuur en die instandhouding daarvan kom onder al meer druk. Voorbeeld na voorbeeld spreek hiervan. Met harte wat werk soos die Filistynse harte is in ons land ook al geweldig skade aangerig. Om putte toe te gooi is om weg te gooi dit wat nog van groot waarde kon wees. Met sulke skade kan daar later geen kosteberekening meer wees nie, want hoeveel water het ek op stuk van sake toegegooi wat veronderstel was om bruikbaar en kosbaar vir my maar ook die nageslag daargestel is. Ek gooi as't ware 'n toekoms toe en dit omdat ek oortuig is vernietiging en afbreek is my reg omdat my reg aan om dinge verniet te moet ontvang, misken word. Terwyl geen mens so 'n reg het nie. Watter reg het ons om so te mag dink wat nog te sê so te mag handel. Die put van ons eie sielelewe is hier ter sprake. Hoe besoedel het dit nie geraak as dit daaroor gaan om dit toe te gooi in plaas van waar Isak en sy mense gekom het, kom ons maak dit weer oop.

Ons besef ook soos wat ons verder gaan, selfs in die oopgrawe van die putte is daar teenstand en teëstanders. Daarvan sal ons nie wegkom nie. Onenigheid en twis selfs rondom die lewendige water word ons nie gespaar nie. Mag ons dit selfs sterker sê vanweë die lewende water wat by die oopmaak van die eerste put ontdek is, het die herders van Gerar vir die herders van Isak weereens hulle regte wou beklemtoon. Dit bly 'n tragiese verskynsel... Hulle noem dan maar ook die put Esek na aanleiding van hierdie hartseer onenigheid. Sulke hartseer word dikwels met die beste bedoelinge jou nie gespaar nie, selfs 'n tweede maal gebeur dieselfde. Weer 'n put, weer getwis daarom kry die put die naam Sitna. Die mens kry die waarde van die put moeilik bó die waarde van sy eie stiksienige onenigheid en getwis

bereken. As dit nie sou wees dat ek selfs 'n derde maal mag oopgrawe nie, 'n derde put waar ek mag bely, nou is dit anders, nou het God dit vir my oopgemaak,

God het vir my ruimte gemaak, ek kan dit Rehoboth noem, dan sal ons nooit van ons eie hartseer verlede maar ook van ons eie hartseer toedrag kan wegstap. Om daarvan weg te kom is net genade op genade. Genade om dié put ook te mag oopkry, genade om te beleef hier is nie nou al weer oor getwis nie. Met sulke genade kan daar vordering gemaak word, so word putte naderhand verbind dat Rehoboth se put en Seba wat Berseba kon word nie vanmekaar los staan nie. Ja, dit is wat bedoel word as ons erken dit wat in die verlede lê in die hede nie toegelou mag word nie.

Ons het 'n verantwoordelikheid om in die putte wat God ons laat oopmaak ook die verbinding tussen wat was en wat nou moet wees nie te verloor nie. Om putte oop te maak, om selfs betrokke te wees as Seba dan ook Berseba moet word, 'n Doodeenvoudige put wat sy ontwikkeling daarrondom nie verloor nie. Dan spreek die natuur van water tot die kultuur van ontwikkeling. 'n Put word 'n stad en God soek jou in hulle albei. Alleen omdat ek God se seëninge wil dien en nie dink ek het 'n reg daarop nie, want dan is ek besig om af te breek en nie om oop te maak nie.

Daarom dat ons ook kan oorbeweeg na die toekoms, na iemand wat lank na Isak gelewe het, maar tog in die gedagte van oopmaak die hede ook aan die toekoms gebind het, want God is in verlede, hede en toekoms die alomteenwoordige God. Nie net op alle plekke teenwoordig nie, maar ook in tyd, die tyd wat Daniël moes ingaan. God is daar teenwoordig. Ons tweede gedagte is dan wat sien ons:

Deur daardie oop vensters wat Daniël in die rigting van Jerusalem oopgemaak het:

Ons het weer te doen met oopmaak. Soos die putte nou ook die vensters. Dit is rigtinggewende vensters maak ook vensters wat met opset oopstaan, daar sit sekerlik iets daaragter. Daniël het daardeur meer bedoel as om vars lug en 'n skoon uitsig sy lewe te laat inkom. Trouens dit is beslis nie waarom dit vir hom gegaan het nie. Dit wat by die vensters moet uitgaan is meer as wat daar kan inkom. Dit spreek van 'n bepaalde lewensrigting maar ook lewensingesteldheid wat by ons ook moet spreek. Ek moet meer wil gee as wat ek glo ek reg het om te wil ontvang.

In Daniël se geval het hy Jerusalem gesien as die Godstad, daar waar meer is as net sy geboorteland. Drie maal op 'n dag bid hy in daardie rigting, al was daar nou 'n verbod dat hy mag nie meer só tot die Here nader nie, het hy bly doen soos hy tevore gedoen het.

Om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense, is waaroor dit hier ook gaan. Hy wil Jerusalem erken as die land van heilige invloed, waar die ark van die verbond staan, waar die Allerheiligste ingerig is. Daar waar dit altyd in Jerusalem offer tyd is, is dit bidtyd vir Daniel. Baie vêr van Jerusalem, maak hy sy vensters oop in die rigting waar Jerusalem. Die gebed wat in alle geval 'n offer van die lippe, dit wat 'n loffer kan wees, 'n dankoffer, wat Daniël met beslistheid aantoon hy sy venters na die kant van wat die sondige wêreld hom wil bied, toemaak. In der waarheid aan daardie kant is nie vensters nie, die wêreld bied op die lange duur geen blywende uitsig nie en al sal dit soos vensters lyk dit wat die wêreld my as uitsig en as uitkoms wil bied.

Die ware verlossing, die ware uitkoms het Daniel erken kan net van Jerusalem afkom, waar God sy beloftes gesetel het. Juis waar God sy Woord in Christus laat kom het. Op die God wat deur die rigting van die vensters ook rigting kan aandui. Op hierdie God het Daniël vertrou, want Hy is die enigste op Wie daar só vertrou kan word. Deur so 'n oop venster word daar eintlik op baie meer as net Jerusalem gefokus want die werklike fokuspunt is die hemelse en daartoe spreek die venster en Jerusalem dieselfde taal.

Uit sy Babiloniese venster, wat suidwes oopgemaak staan, in daardie rigting bid hy, hoop hy, glo hy al gebeur wat met hom, die rigting bly oop. Mag ons dit sien vir waar dit werklik omgaan. As Daniël net buite die venster kyk, dan lyk dit hy het geen hoop kon oorhou nie. Daar is 'n dekreet op pad wat hom wil verbied om langer tot die enigste God wat daar is, te mag bid. Onmiddellik kyk hy by die venster uit, in die rigting waar dit oopstaan, dan is dit woestynland, daar lyk geen groei, geen lewe, geen verbetering uit die woestyn moontlik nie, maar wat ons vandag mag weet agter die woestyn waar die vensters verby die woestyne van die lewe wil wys is God aan die werk.

Dit maak dat ons vandag kan afsluit wat ons by die oopgrawe van die putte en die oopmaak van die vensters van die lewe dit alleen in Christus gedoen kan word. Dit is dan ons laaste vraag, maar dit gaan oor die res van my lewe, dit gaan werklik oor my toekoms-

Hoe gaan ek die verband tussen die oop put en die oop venster in my lewe oopmaak?

In Christus is die Jerusalem van God 'n ander Jerusalem. 'n Jerusalem daarbo, 'n Jerusalem bevry wat die lewe deur 'n ander venster na Christus laat kyk. Christus is die Een meer as wat Daniël kon dink, want Daniël het nog deur 'n venster na Jerusalem moes kyk. Ons kan deur Christus direk na die hemelse Vader en na Hom toe gaan. Ons kyk, ons gaan, ons gebed na die Vader is deur Christus. Hy ons venster maar ook baie meer as dit. In die opsig is Christus nie net 'n venster waardeur gebid kan word nie, maar Hy is God wat klaar by jou is, deur sy Heilige Gees het ons Christus hier by ons.

Die volle uitsig en verwagting op God is 'n gebed deur Christus, daar is nie meer vensters nodig nie. Ons het in geen opsig meer 'n aardse Jerusalem nodig nie, ook nie nodig om vensters daartoe oop te maak nie, want Christus het klaar vir ons die hemelse vensters oopgemaak, Hy het ons direkte toegang deur Hom gegee.

En wanneer Christus alles vir ons oopmaak, die vensters bly oop, dan staan ons ook by die putte wat toeraak, maar ons... elkeen van ons moet dit kan oopmaak. Gee die putte die name uit die geskiedenis, ook soos in die tyd van Isak, want daardie geskiedenis is deel van 'n oopmaak-proses om ook die toekoms oopgemaak te kry. Opmerklik hoe Christus baie vroeg in sy bediening juis met 'n vrou by 'n put, maar ook vanuit hulle geskiedenis, 'n besondere gesprek gehad het, om vir haar baie meer as net daardie put oop te maak, 'n put waarby sy wou staan en val.

Christus wil deur sy Heilige Gees ons daartoe bring, dat ek reeds besef ek sien ook die putte waarby daar onenigheid sal wees, putte waar die rusie baie erg was, ek moes daarvan wegloop. Mag u en ek wel ook die put kan grawe wat in my lewe Rehoboth genoem kan word, God het vir my ruimte gemaak. Waarlik die ruimte is so groot, dit is die Jerusalem daarbo, dit is nie maar net 'n stukkie grond, 'n enkele stad op aarde nie.

In Christus hoor ons God se Rehoboth dat ek gaan- ek gaan om vir julle plek te berei.... God maak reeds vir ons ruimte... nou nog staan ons by die Seba put, wat Berseba kon word, ons het 'n verantwoordelikheid om dit vanuit die natuur, ons kultuur in te dra... om putte so oop te maak, dat stede daarúit kan kom en voordeel daarúit kan trek. Stede moet kan drink uit 'n put wat jy oopmaak. Dis jou en my verantwoordelikheid. Verkeerde keuses trek verantwoordelikhede skeef. Dis die hartseer van Esau se keuse van 'n verkeerde

huweliksmat- Gen. 26:35- dit het vir sy ouers 'n toe put geword- Esau en sy vrou was daar vir hulle ouers tot groot verdriet. Hulle kon daarúit nie met hulle kinders drink nie... hoe hartseer!

As dit gaan om ook my toekoms, my gesinslewe, my familielewe, die volle kerklike lewe, ingesluit my volkslewe, my lewe in hierdie land waar ons glo God vir ons ruimte gemaak het, is daar die putte wat toe is. Vyande is besig om dit toe te stop, wat die tyd weer ryp is en ons moet beseef, dit moet oop, dit moet oopgemaak word. Daar is ook die vensters wat moet oop. Water vir lewe, die put, is net so nodig, soos lig wat by 'n venster inkom. Christus is beide, die water wat kan opspring, die lig van God wat reeds aan die skyn is.

AMEN